Leipie Nuus

28 MEI – 1 JUNIE 2018

Nommer 15/2018

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 28 Mei

Netbal:	Oefening o/12A vanaf 14:00-15:00
Mini-Netbal:	Afsluitingsfunksie
Rugby:	Oefening o/9A&B, o/10A&B vanaf 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B&C vanaf 15:05-16:20, 1ste span 16:00-18:00
Landloop:	Oefening 16:30-17:00 H/s Centurion
Musiekblyspel:	Oefening openingsdans vanaf 16:00-17:15
Voortrekkers:	Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan
Gr 1 2019:	Gr 1 inskrywings 2019 sluit om middernag

Di 29 Mei

Netbal:	Oefening o/12A vanaf 14:00-15:00
Rugby:	Oefening o/9A&B, o/10A&B vanaf 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B&C vanaf 15:05-16:20, 1ste span 16:00-18:00
Hokkie:	Proewe dogters o/12-o/13 vanaf 15:00-16:00
Skaak:	Afrigting vanaf 14:15-15:15

Wo 30 Mei

Jnr koor:	Oefening vanaf 13:40-14:30
Snr koor:	Oefening vanaf 13:50-14:50
Sosiale skaak:	Direk na skool tot 14:30 in Me Booyse se klas
Skaak:	Wedstryde (tuis)
Musiekblyspel:	Oefening praatrolle vanaf 16:00-17:00
KIX Klub:	Gr 4-7 leerders 1ste pouse in die saal
Landloop:	Oefening 16:30-17:30 H/s Centurion

Do 31 Mei

Rugby:	Wedstryde vs Cornwall Hill (weg)
Sagtebal:	Proewe o/10-o/12

Vr 1 Junie

Netbal:	Tshwane uitspele te Midstream College
Wintersdrag:	Alle leerders dra korrekte wintersdrag

Sat 2 Junie

Bulletjie rugby:	Wedstryde te Curro Hazeldean

Ma 4 Junie

Rugby:	Oefening o/9A&B, o/10A&B vanaf 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B&C vanaf 15:05-16:20, 1ste span 16:00-18:00
Musiekblyspel:	Oefening openingsdans vanaf 16:00-17:15
Voortrekkers:	Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Wetenskap: Mia v Heerden neem deel aan Wetenskap Olimpiade en dring deur na die volgende rondte.
Gimnastiek: Marissa Piek- Noord Gauteng Gimnastiek Kompetisie – Goud.
Louis Oosthuizen- Brons, Gauteng Noordspan.
Kiara Grobbelaar- Eldo Stars kompetisie – Goud.
Skaak: Stiaan Grünenfelder – Capablanca Skaak 90/90 toernooi – behaal 4/7.
Werni Grünenfelder – neem deel aan Capablanca Skaak 90/90 toernooi, neem ook deel aan Gauteng Skaak 90/90 LUBOWSKI toernooi.
Kraal Kunstefees: Inke J v Rensburg – Solo Afrikaans A+, Solo Gospel A+, Solo Engels Pop Upbeat A++.
Binnenshuise Krieket: Giandré Claassen- Gauteng Noord kleure en verkies tot o/10 Gauteng Noord Vikingsspan
Luggeweer: Werni Grünenfelder- 1ste posisie vanaf Januarie-Mei o/9 luggeweer.
Dans: Abigail Botes- Moderne Dans "Straight" Solo 92.4%, Groepdans 87%.
Pretoria Eisteddfod: Paul Strydom- Verse speaking Gr 7 A++, Set verse Gr 7 A++, Verse speaking Non English speakers Gr 6-7 kategorie wenner, **Gala-aand van Pretoria Eisteddfod:** Most outstanding non English verse speaker Gr 6-7 trofee, Most outstanding non English junior competitor trofee.
ATKV: Danike Korf en Mienke Jansen dring deur na die finaal van die ATKV se landswye kompetisie.
Ruby/Netbal: Alle spanne presteer baie goed vs L/s Swartkop en vs L/s Bakenkop.
Netbal: Baie geluk aan o/12A span wat deurdring na verdere uitspeelwedstryde.

UIT DIE KANTOOR:
Die nuwe beheerliggaam is in Maart 2018 deur die ouers van L/s Louis Leipoldt verkies en die volgende portefeuljes is aan die onderskeie persone toegewys:
Voorsitter & geestelike versorging - Rohan Seymour
Ondervoorsitter, geboue en terrein - Dawid Durie
Tesourier - Charles Myburgh
Sekretaresse - Erna Olivier
Sport en Kultuur - Lindy Lake-Roode
Bemarking - Lindie Strydom
Ons het nog altyd 'n baie betrokke ouergemeenskap gehad en elkeen se kennis, ervaring en insette is vir ons baie belangrik. Die beheerliggaam het dus 'n kort vraelys saamgestel wat sal dien as 'n vertrekpunt vir die op- en uitbou van ons skool oor die volgende paar jaar. Help ons asseblief deur hierdie vrae anoniem te beantwoord by onderstaande skakel, en ander ouers te motiveer om dit ook te doen. **https://www.surveymonkey.com/r/88JXVB9**

BELANGRIKE DATUMS:
25 Mei: Laaste dag vir gholfgeskenke/ gewone klere
28 Mei: Mini-Netbal afsluiting
29 Mei: Dogters hokkie proewe o/12, o/13 vanaf 15:00-16:00
1 Junie: Alle leerders dra wintersdrag
Gr1 inskrywings 2019 sluit middernag
13 Junie: L/s Louis Leipoldt Gholfdag te Centurion Gholfbaan

MEDIASENTRUM TYE:
Mediasentrum is elke 1ste pouse en Maandae en Woensdae tot 14:30 oop vir die uitneem van boeke asook om navorsing op rekenaars te doen vir take en opdragte.
LW: Inligting kan nog nie gedruk word nie. Fasiliteit eers later beskikbaar.

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

30 Oktober 1970: Pawiljoen word gebou. 27 Januarie 1973: Eerste weervaste tennisbane word in gebuik geneem.

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103 (skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, spanbroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Enige navrae Berthie van Genderen 073 1475705

LEERDERS WAT LAAT KOM:
Ouer moet asb nie leerders wat in die oggende laat is net aflaai nie. Leerders moet by die kantoor aanmeld, en ouers moet asb die leerders kom inteken. Leerders ontvang 'n briefie wat aan die registeronderwyser gegee moet word as bewys dat hulle by die kantoor was.

NUUSBRIEF:
Onthou asb om na www.louisleipoldt.co.za te gaan om te registreer om die weeklikse nuusbrief elektronies te ontvang.

CENTURION BEJAARDESORG UITREIK:
Stuur asb vir ons leë glasbottels met skroefproppe soos bv grondboontjiebotter-, blatjang-, mayonnaisebottels.
Stuur asb na Me Jansen.

***SING IN HARMONIE* DVD:**
Ouers wat nog 'n DVD wil bestel van die *Sing in Harmonie* vertoning, kan voor/op 30 Mei bestelling by Me Rautenbach plaas. DVD kos R180-00.

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

SOLOSANGKOMPETISIE – SPUR RISING STARS:
Leerders 13 jaar en jonger kan inskrywingsvorms by Mej A v Rensburg (musiekklas) afhaal. Eerste rondte is op 29 Mei by Spur in Jeanlaan.

TEKKIE TAX:
Ten bate van persone met gestremdhede.
Plakkers/Veters kan op 25 Mei gedra word saam met seilskoene of skoolskoene.

GRAAD 7 TRUIE:
Alle Gr 7 leerders mag in 2018 'n trui dra wat geborduur is met Gr 7 en LL logo. Handig asb moulose-/langmoutrui in 'n sak met naam op en R15 ingesluit by Me v Rensburg in vir borduurwerk. Dit neem ongeveer 1 week.

SPELETJIES AAND – KIX KLUB:
Alle Gr 4-7 leerders welkom. 1 Junie vanaf 18:00-19:30 in die saal. Navrae – Heinrich 076 497 5274

L/S LOUIS LEIPOLDT GHOLFDAG:
Ons jaarlikse gholfdag vind Woensdag 13 Junie by Centurion Gholfklub plaas.
Help ons asb met hierdie fondsinsameling vir die skool.
Ons benodig nog pryse/geskenkbewyse of wyn.
Vertel asb ook u vriende en kollegas van ons gholfdag.
Ouers met eie besighede wat die dag wil gebruik as bemarkingsplatform kan gerus die skool skakel vir besonderhede.
Indien u belangstel om te speel, skryf asb so gou moontlik in. Daar is slegs beperkte plek beskikbaar.
R2 500-00 per vierbal.

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____

(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)

_____
HANDTEKENING: OUER